# As MIV/vigs
## jou lewe aantas



bybelgenootskap
van suid-afrika

## God het jou nie vergeet nie

Dalk is jy of iemand na aan jou een van die miljoene mense in ons land vir wie MIV/vigs ’n wrede werklikheid is. Dalk het jy reeds eerstehands kennis gemaak met emosies soos vrees, skaamte, woede, ’n gevoel van hulpeloosheid en verlies. Of dalk vrees jy dat jy of jou geliefdes deur die gemeenskap verstoot sal word.

## Vir God is jy meer as ’n nommer

Die Bybel wys ons keer op keer dat God omgee vir dié wat deur die samelewing verwerp word. Wanneer jy verlate voel, reik God uit na jou.

God is vir ons ’n toevlug
    en ’n beskerming;
Hy was nog altyd bereid
    om te help in nood.
Psalm 46:2

“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.”
Matteus 11:28-30

***Alle Skrifgedeeltes geneem uit die Afrikaans 1983-vertaling.**

## Jesus het na die wêreld toe gekom as redder, nie as regter nie

‘’God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; …’’
Johannes 3:16-18a

## Belofte van hoop

Moenie bang wees nie,
    Ek is by jou,
moenie bekommerd wees nie,
    Ek is jou God.
Ek versterk jou, Ek help jou,
    Ek hou jou vas,
met my eie hand red Ek jou.
Jesaja 41:10

“Ek weet dat my Losser leef,
uiteindelik sal Hy
    op die aarde triomfeer!
Selfs nadat hierdie siekte
    my vel weggevreet het,
sal ek nog lewe en God sien.
Ek sal Hóm sien, …”
Job 19:25-27a

Mag die Here, wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee! Die Here sal by julle almal wees!
2 Tessalonisense 3:16

Skakel:

Vigs Hulplyn

0800 012 322

of jou plaaslike gemeente vir hulp.



Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za **BibleSA**
Bybels en Oudiobybels is op die **BibleSA-app** beskikbaar.